

# Boekbesprekings/Book reviews

HAENERTSBURG 100  
1887 - 1987



L. CHANGUION (samesteller). *Haenertsburg 100, 1887-1987*. Pietersburg, 1987. 52 pp. Geïll. R5,00 (eksklusief). Geen ISBN-nommer.

Dié eeufesgedenksblad, met Afrikaanse en Engelse teks, is in opdrag van die Haenertsburgse Eeufeskomitee saamgestel. Bydraes is gelewer deur prof. Louis Changuion (Universiteit van die Noorde), Johann Tempelhoff (verbonde aan die Universiteit van Venda) en Brigitte Wöngtschowski (bibliotekaresse van Haenertsburg). Kort verslae van enkele sosiale verennigings in die dorp is ook opgeneem.

n Probleem wat meestal in 'n saamgestelde werk soos hierdie ondervind word, is om ver-

skillende skrywers se bydraes tot 'n hegte eenheid saam te snoer. In die inleiding word 'n beknopte beeld gegee van die geografiese geaardheid van en toeriste-aantreklikhede in die gebied. Dit bevat ook 'n oorsig van die Swart stamme wat die kontrei sedert die 16de eeu bewoon het. Hoewel die daaropvolgende opskrif ("En toe kom die witman ...") hierby aansluit, word die inhoud so wydlopieg aangebied dat aan Blanke vestiging in Haenertsburg feitlik net terloopse aandag gegee word. Die leser kry nietemin 'n breë indruk van Haenertsburg se rol en posisie in die nedersettingsgeskiedenis van Noord-Transvaal asook van die faktore wat tot vestiging aanleiding gegee het. Voorts dra die bevolkingsyfers en name van die eerste Blankes tot groter insig omtrent die verlede en ontwikkeling van hierdie afgeleë houtkappergemeenskap by.

In die derde hoofstuk word aspekte soos dorpsstigting (1887), die opmeet en uitleg van erwe en straatnaamgewing in die dorp beskryf. Die aanstelling van die eerste mynkommissaris, belangrike figure soos Carl Ferdinand Haenert (na wie Haenertsburg vernoem is), die posdiens, onderwys, mynmaatskappye, goudproduksie, oorloë teen Swartes in die omgewing, militêre aktiwiteite en skermutselings tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog en omstandighede na afloop van die oorlog kom ook onder die soeklig. Aan John Buchan, een van Milner se "Kindergarten", word spesiale aandag gegee, veral weens sy liefde vir die omgewing wat in 'n paar boeke wat hy geskryf het na vore kom. Ook die ontwikkeling van die mynbedryf en die vestiging van nuwe boerderymetodes en gewasse word behandel.

Die voorlaaste hoofstuk skets die ontstaan van die bosboubedryf in die Haenertsburg-omgewing, die verwaarlosing en uiteindelijke bewaring van inheemse bome, asook die omstandighede van die eerste bosbouers. In die slotgedeelte volg 'n opsomming van die huidige toedrag van sake in die Noord-Transvaalse dorp.

Foto's en kaarte vul die tweetalige teks effektief aan en ten spyte van enkele spel- en sinsboufoute lees die werk vlot. Die gedenkboek is weliswaar geen omvangryke plaaslike en streekgeskiedenis nie — tog behoort dit waardevolle leesstof vir inwoners, die toeris en die belangstellende navorser te bied.

A.H.J. BARNARD  
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*